basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NELSON MANDELA BAAI DISTRIK

# GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**JUNIE 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 ½ uur**

---

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.

---

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - o relevante verduideliking gemotiveer word./
      - o korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - o geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

Die aantal kodes in die opstelvraag word nie getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEïLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Reeds in die titel gaan dit oor herinneringe van maaltye – ontbyt; middagete en aandete.** | Die woord maaltyd herinner die spreker aan tye wanneer die klokkie gebruik is en dit herinner hom weer aan sy ou moeder. | |
| **Die metafoor in versreël 1 is 'n herinnering aan die spreker se moeder.** | Die moeder se netjiese voorkoms lyk net soos die tafelklokkie wat in die vorm van 'n netjies geklede dame is. | *versreël 1 "Ou moeder met haar hoepelrokkie"* |
| **Die klokkie se gevoude hande herinner die spreker aan sy/haar moeder se tafelgebede.** | Die spreker sien die klokkie se gevoude hande en die herinnering aan die spreker se ma wat altyd gereed was om die tafelgebed te doen, word herroep. | *versreël 2 "staan hande gevou"* |
| **Die gedekte tafel herroep die herinnering aan etenstye.** | Die spreker word herinner aan hoe en waarmee die tafel gedek was. | *versreël 5 "die blou bord en die skoon servet"* |
| **Die bril en Bybel herinner die spreker aan die moeder.** | Die beeld roep weer die herinnering aan die spreker se godsdienstige ma op. | *versreël 6 "die helder bril, die Bybel oop"* |
| **Die portret van die ma is 'n visuele herinnering.** | Die portret van die ma is 'n visuele herinnering aan haar dood. | *versreël 7 "en teen die hoë muur haar groot portret"* |
| **Die woorde "hou" en "steeds" dui aan dat die herinneringe blywend is.** | Die herinneringe bly by die spreker, dit is onlosmaaklik deel van hom/haar. | *versreël 8 "hou my aan haar steeds vasgeknoop"* |
| **"Vasgeknoop" bevestig hy/sy is verbind aan sy/haar moeder.** | Die spreker se ma is verbind aan hom/haar. | *versreël 8 "hou my aan haar steeds vasgeknoop"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die blink buffet in versreël 9 herinner die spreker aan sy/haar ma.** | Die blink buffet herinner die spreker aan sy/haar ma wat ‘n netjiese, presiese vrou was, net soos die netjiese, goed opgepaste buffet. | versreël 9 “En op die gladde, blink buffet” |
| **Die buffet wat in die lig blink herinner die spreker aan sy/haar ma.** | Die buffet, wat in die lamp se lig blink, herinner die spreker aan hoe sy/haar ma se weerkaatsing tydens die tafelgebed in die buffet gesien kon word. | *versreël 9-11 “en op die gladde, blink buffet, glimmend in die skerp lig van die lamp, skyn sy nou in die seëngebed”* |
| **Die spreker word herinner aan die kos wat die Moeder voorberei het.** | “Wasige damp” herinner die spreker aan die kospotte wat die moeder voorberei het. | *versreël 12 “leef sy nou in die wasige damp.”* |
| **Die beeld van die verouderde klokkie is ‘n herinnering aan die moeder wat verouder het.** | Die verandering van kleur is die ouderdom wat die moeder aftakel - kringloop van die lewe. Goud – in fleur van haar lewe; silwer die middeljare en koper is oud. | *versreël 13 – 16 “Sy was eers goud, heel later silwer, nou’s sy koper waar sy staan, maar met elke lui dan skilfer*<br>*af ... die grasgroenspaan.”* |
| **Die spreker se herinnering aan sy/haar moeder sal sterker word.** | Die suggestie dat hoe meer die spreker die klokkie gebruik, hoe meer sal die spreker aan sy/haar moeder dink en hoe varser raak die herinneringe. | *versreël 15 – 16 “maar met elke lui dan skilfer*<br>*af ... die grasgroenspaan.”* |
| **Die gedig bestaan uit 4 kwatryne en kruisrym.** | Die vaste struktuur en strofebou pas by die ordelikheid, presiesheid en netheid van die ma. | |
| **Die gedig het ‘n vaste strofebou, aangesien daar 4 kwatryne is.** | Die vaste strofebou sluit aan by die ordelikheid en presiesheid wat tydens maaltye by die ma se huis geheers het. | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |
| | | **[10]** |

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### "Maaltyd" - Peter J. Philander

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Klaaglied/treurlied/treursang√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Hy spot deur te oordryf, hy skryf 'n treurlied oor die einde van die verhouding terwyl hy haar nog nie eers ontmoet het nie. √ | 1<br><br><br><br>1 | 1<br><br><br><br>4 |
| 2.2.1 | Hy is onseker waar die ontmoeting plaasgevind het.√ | 1 | 1 |
| 2.2.2 | Beklemtoon onsekerheid van plek van ontmoeting. √ | 1 | 3 |
| 2.2.3 | Geluk wat verliefde paartjies ervaar. √ | 1 | 2 |
| 2.3 | 'n Mens sal juis verwag dat die biduur meisie opreg is en haar verhouding langer sal duur.√ | 1 | 5 |
| 2.4 | Hy het min kontak met sy ouers/ken hulle nie werklik nie/ Dit mag sy stiefma wees √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 3 |
| 2..5.1 | Metafoor √ | 1 | 2 |
| 2.5.2 | Ja. Sy ouers dien as sekuriteit. √ | 1 | 4 |
| 2.6 | Hy moet nou konvensies eerbiedig/ hy moet nou 'n gesinsmens wees√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |
| | | **[10]** | |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### "Die Bokser" – Ernst van Heerden

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.1 | 'n Abstrakte begrip word letterlik voorgestel.√ | 1 | 1 |
| 3.2 | Dit verwys letterlik na die tou van die kryt wat grense stel./ Dit dui op die beperkte ruimte/afgebakende gebied waarin die geveg plaasvind. √<br>Figuurlik dui dit op beperkings/reëls waarbinne die geveg van die lewe plaasvind. √ | 1<br><br>1 | 1<br><br>2 |
| 3.3 | Die strofebou is koeplette en die rymskema is paarrym√ | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *Die kandidaat moet beide noem vir EEN punt.*<br><br>Beide sluit aan by die twee figure in die kryt.√ | 1 | 4 |
| 3.4 | Dit is funksioneel, dit beklemtoon die krag van die hou/ harde slag.√ | 1 | 5 |
| 3.5.1 | Elisie√<br>Dit sluit aan by die ritme/ metrum van die gedig.√ | 1<br>1 | 1<br>3 |
| 3.5.2 | Dit betrek die leser. √ | 1 | 3 |
| 3.6 | Die dood is onvermydelik/ die mens is magteloos teen die dood.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |
| | | **[10]** | |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Suiwer Wiskunde" – N.P. van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 4.1. | Denotatief – die horlosie val om√<br>Konnotatief – die tyd staan stil√ | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 4.2.1 | Vergelyking.√ | 1 | 3 |
| 4.2.2 | Die vergelyking is geslaagd. Die lug wat stilstaan sluit aan by die beeld van water wat nie meer beweeg wanneer dit ys raak nie. √ | 1 | 5 |
| 4.3 | Dit is funksioneel, want die voor- en agterplasing hef die woorde uit. | 1 | 5 |
| 4.4.1 | Die woorde dui op die bewegings wat branders maak. √ | 1 | 2 |
| 4.4.2 | Die woord "wou" dui aan dat dit nie gebeur het nie aangesien die tyd stilstaan.√ | 1 | 4 |
| 4.4.3 | Die kommas beklemtoon al die werkwoorde.√ | 1 | 3 |
| 4.5 | Daar is depressief/ terneergedruk.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 3 |
| 4.6 | "uur" na "ewigheid"/ "brander" na "see"√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 2 |
| | | **[10]** | |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Waar ek woon" – Karen Pienaar**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Herhaling√<br><br>Dit bind die gedig tot 'n eenheid/ koppel die titel aan die res van die gedig/ beklemtoon dat dit baie anders is waar die spreker woon√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 | 1<br><br>3 |
| 5.2 | Vrye vers.√<br>Geen vaste rymskema/ baie enjambemente/ gebrek aan hoofletters en leestekens/ geen vaste strofebou/ wisselende verslengte√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1 | 2<br>1 |
| 5.3.1 | personifikasie√ | 1 | 3 |
| 5.3.2 | Alliterasie/ <u>f</u>luister <u>V</u>lambome√ | 1 | 3 |
| 5.3.3 | Die alliterasie is funksioneel. Dit verbind die woorde klankmatig/ beklemtoon die fluister-gedagte√<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |
| 5.4 | Die spreker impliseer dat hy/sy nie meer geld vir die maand het nie/ die geld raak min√ | 1 | 3 |
| 5.5 | alleenplasing√ | 1 | 1 |
| 5.6 | Daar is iets mooi te vind waar jy ookal woon/sien die mooi in die lewe raak/ wees tevrede met wat jy het of waar jy jou bevind/hoewel die omstandighede kan verskil, hetalmal 'n plekkie in die lewe√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |
| | | **[10]** | |
| | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | |

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**LET WEL: Voorgestelde kodes:** Emosionele Krisis - EK
Leefwêreld – L

| **STELLING** | **ONDERSTEUNENDE bewys of aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Stelling** | **Stelling/Argument** | **Aanhaling** |
| **Tieners kan identifiseer met die hoofkarakter.** | Greg is ‘n matriekleerder wat die uitdagings van ‘n matrikulant in die oë staar. | ***“****My laaste skooljaar het aangebreek...wat is jou planne vir die pylvak?’* |
| **Greg ervaar akademiese druk wat veral sy pa op hom plaas.** | Sy pa verwag aan die einde van die jaar nege onderskeidings van hom. | ***“****As ek vanjaar by Turret Media dieselfde doen as verlede jaar, haal my mededingers my in.”* |
| **Greg het nie ‘n goeie verhouding met sy pa nie.** | Die druk sowel as die feit dat hy nie toegelaat is om oor John te huil nie dryf ‘n wig tussen hom en sy pa in. | *“Ek het nie gehuil toe John dood is nie. ‘Jy sal nie!’ Het my pa beveel.”* |
| **Greg se pa se prioriteite is ook by sy werk en nie by sy gesin nie.** | Sy vrou is eensaam en daar is geen verhouding tussen hom en sy seun en vrou nie. | “ Turret media. Sy lewe draai om die plek.” “ waar sy net huishulpe en die televisie as geselskap sal hê.” |
| **Greg voel jammer vir sy ma.** | Hy weet nie wat om daaromtrent te doen nie. As tiener voel hy magteloos. | *“Einlik kry ek haar jammer.”* |
| **Ook die skoolhoof, Dok Pienaar, plaas druk op die matrieks.** | Tydens die eerste saalbyeenkoms lê hy klem op die feit dat dit hulle matriekjaar is en hoe belangrik harde werk vir hul uitslae en toekoms is. | *“sakeleiers van die toekoms...uitmuntende prestasie...toekomsgerigtheid.”* |
| **Op sportgebied word daar ook druk op Greg geplaas.** | Greg is ‘n kranige atleet en daar word verwag dat hy goed sal presteer. | *“Ons gaan jou nodig kry met die atletiek, maar gelukkig is die 100m jou sterk punt.”* |
| | Hy is ook deel van die eerste rugbyspan en ook | *“Dok is reg, daar is ander ouens wat vleuel kan speel vir* |

| | | |
|---|---|---|
| | daar moet hy oefeninge getrou bywoon en Saterdae tydens wedstryde presteer. | *die eerste span. Dalk beter as ek."* |
| **Die ruimte is by uitstek dié van 'n tiener.** | Die roman speel in 'n skool en koshuis af. | *"So, dit is waar ek nou is. Lawson Kollege. Die moderne skoolgeboue en nog verder weg die koshuise."* |
| **Greg is die hoofseun van die skool.** | Die verwagtinge is dat hy RVL-vergaderings sal reël, die gr.8's sal wakker maak en sy diensbeurt nakom wanneer hy hul na die kerk moet vergesel. Hy is ook verantwoordelik vir die Trapperritueel. | *"Tonight VRL-vergadering. Wie het dit gereël? I did. Vir wat, ek is hoofseun."*<br>*"Is jy nie aan diens by die graad 8's nie?"*<br>*" 'Waar's die blinddoeke?' vra ek."* |
| | Daar word ook as hoofseun van hom verwag om die koshuisreëls na te kom en af te dwing – nie alkohol te gebruik nie en toe te sien dat leerders nie op die terrein rook nie en nie na ligte uit in die koshuis rondloop nie. | *" Jy weet ons mag nie 'n bier inbring skool toe nie, sê ek met my hoofseunstem."* |
| **Greg is net soos menige ander tieners.** | Soos enige ander matriekleerder/tiener kom hy nie noodwendig al die reëls na nie. | *"Twee yskoue Castles. Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell."* |
| | Soos menige ander tieners is hy in 'n verhouding – hy is aanvanklik onseker oor sy gevoel vir Nicole, maar aan die einde van die roman kan hy vir haar sê dat hy haar liefhet. | *"...ek like dit nie as sy oor Eckardt uitvra nie...Dis alles daardie aand in Jeffrey's se skuld."* |
| | Hy twyfel ook op 'n stadium oor haar getrouheid aan hom en wonder of daar iets in Jeffreysbaai tussen haar en Eckardt gebeur het. | *"Oukei, miskien is ek ne simpel, maar as Nicole vra oor Eckardt, gaan iets aan die kriewel binne-in my maag."* |
| **Greg ontwikkel 'n noue vriendskap met Eckardt.** | Greg maak in sy matriekjaar 'n nuwe vriend – Eckardt – 'n nuwe leerder in die skool. | |
| | Hy ervaar Eckardt aanvanklik as arrogant, maar sy siening van hom | *"Hy moet nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie"* |

| | | |
|---|---|---|
| | verander mettertyd – "hardegat word sagtegat". | |
| | Eckardt leer vir Greg om te hack en die gevoel van opgewondenheid vervang die leemte wat sy broer John se liefde vir extreme sport by hom gelaat het. | *"...het jy al 'n computer try hack?"* |
| | Hy deel geheime met Eckardt – hy vertel hom van John se selfmoord, dat sy pa uitermatige hoë verwagtinge van hom het en dat hy eintlik wens dat hy net 'n gemiddelde leerder, met gemiddelde vermoëns en rykdom het. | *"Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woonbuurt met gemiddelde punte"* |
| | Om hierdie rede is dit vir hom 'n reuseskok wanneer Eckardt sy ware karakter ontbloot en dit aan die lig kom dat Greg slegs 'n pion in sy wraakplan was – hy verloor sy vertroueling en beste vriend. | *"Die oomblik is soos 'n reusegolf wat my alleen op 'n strand kry, oor my breek en my platvee."* |
| **Greg se gesin se lewe word nadelig beïnvloed.** | Daar is 'n groot moontlikheid dat sy pa tronk toe kan gaan. | *"Sy, sersant Cele en die ander polisie-eenhede sal mettertyd van hom uitvind. Ek kan dit nie keer nie."* |
| | Greg se eie betrokkenheid by hacking mag daartoe lei dat hy geskors kan word. | |
| **Greg is deel van 'n eens hegte vriendekring.** | Greg en TJ speel gereeld skaak, maar Eckardt slaag in sy plan om hom van sy vriende te isoleer en al sy aandag aan die opsporing van Eckardt te skenk. | *"Jy het nog nooit jou deur gesluit nie...Maar ons is tog jou pelle."* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | **[25]** |

**VRAAG 7: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Greg en Eckardt is in Eckardt se kamer en Greg het pas ‘n les in kuberkrakery gehad. √<br><br>*Die wie, wat en waar moet genoem word.* | 1 | 3 |
| 7.2 | Die skootrekenaar wat Eckardt gelos het, het nie die plakker gehad nie en dit is hoe Greg besef het dat dit nie Eckardt se skootrekenaars was nie.√ | 1 | 3 |
| 7.3 | Hy het ‘n passie vir rekenaars/ kuberkrakery.√ | 1 | 3 |
| 7.4 | John is Greg se broer/ Hy was ook Greg se beste vriend/<br>Hy het vir Greg aan extreme sport bekendgestel/ Hy was Greg se rolmodel√√<br><br>Die woord impliseer dat sy pa hom by ‘n vorige geleentheid/ geleenthede forseer het om iets te doen.√ | 2<br><br><br>1 | 2<br><br><br>5 |
| 7.5 | Ouers wat hul kinders forseer om te presteer.√<br><br>Greg se pa forseer hom om akademies te presteer – hy verwag nege onderskeidings.√ | 1<br><br>1 | 4<br><br>3 |
| 7.6 | Ja<br>Matriekouers moet hul kinders toelaat om hul eie besluite oor hul toekoms te neem.<br>**OF**<br>Nee<br>Greg se pa gaan sy studies betaal en dus het hy ‘n sê in Greg se besluit.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| 7.7 | Eckardt sê dat hy nie vir Greg se pa ken nie, maar hy weet presies wie Greg se pa is.√<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan..*<br><br>“Daar is ‘n vreemde glinstering in Eckardt se oë toe hy dit sê.”√ | 1<br><br><br>1 | 3<br><br><br>2 |
| 7.8 | Clarens√<br>Eckardt verskyn op die toneel.√ | 1<br>1 | 3<br>3 |
| 7.9 | Die eerste gedeelte is ‘n herhaling uit die proloog√ en ons tref ‘n derdepersoonsverteller aan. √ | 1<br>1 | 3<br>2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die tweede gedeelte van die uittreksel is uit die verhaallyn in die verlede√ uit die oogpunt van 'n eerstepersoonverteller.√ | 1<br>1 | 3<br>2 |
| 7.10 | Ekk-0√<br>Hy gebruik dit wanneer hy besig is met kuberkrakery√ | 1<br>1 | 1<br>3 |
| 7.11 | Wat van sy pa geword het.√<br>Die eggo's van die Zulu-krygsmanne in die berge/ die stemme van die Trappers wat in die tonnels eggo/ die herinneringe aan John wat by Greg eggo/ die werklike eggo's van Greg en Eckardt se stemme wanneer hulle gaan perdry/ John wat in Eckardt eggo√√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>2 | 1<br>2 |
| 7.12 | Hy was besig om Eckardt te probeer opspoor deur middel van kuberkrakery√<br>Hy was besig om indirek Project Nursery Rhyme en sy pa (en Dok Pienaar) te ontmasker√<br>Dit sou beteken dat sy pa dalk tronk toe gaan√ | 1<br>1<br><br>1 | 1<br>1<br><br>3 |
| 7.13 | Ja, dit pas by die ware Eckardt/ dit is 'n jeugverhaal/ verhaal oor rekenaars en kuberkrakery/ tieners praat so en daarom is dit geloofwaardig√<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 | 4 |
| | | **[25]** | |
| | **TOTAAL AFDELING B: 25** | | |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 8: KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**LET WEL: Voorgestelde kodes:**
Taalgebruik - T
Godsdienstige verwysings – GV
Sosiale misdrywe – SM
Ruimte en milieu – RM
Protes teen regeringstelsel: P
Uitsiglose bestaan - UB

| **STELLING** | **ONDERSTEUNENDE bewys of aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Stelling** | **Stelling/Argument** | **Aanhaling** |
| **Taalgebruik:** | | |
| **Die taalgebruik is feitlik sonder uitsondering Kaapse Afrikaans.** | Die meeste karakters gebruik Kaapse Afrikaans. Die enigste uitsondering is Mister Cavernelis wat ‘n suiwerder Afrikaans praat omdat hy van die Boland afkomstig is. | *Bl. 6: Wêk toe! Sê'k nie! Lonely hearts! Massage parlour! Fancy names!* |
| **Kru taal kom deurlopend voor.** | Kru taal is ‘n eienskap van prostesteater en kan veral in Cyril se dialoog gesien word. | *Bl. 15: Shit, hoe praat jy dan nou ne sou Tommy!* |
| **Kras uitlatings kom deurlopend voor.** | Kras uitlatings is ‘n eienskap van protesteater en kan in die taalgebruik van veral Cyril gesien word. | *Bl. 16: Sê maar stront, missies Cavernelis, sê maar stront…* |
| **Godslastering kom deurlopend voor.** | Godslastering is ‘n kenmerk van protesteater en kom in die karakters se taalgebruik voor. | *Bl. 7: God, ek wil nie hierso wies nie, sê'k vir jou!* |
| **Godsdienstige verwysings:** | | |
| **Apostel George is ‘n man van die Woord van God wat Map Jacobs tot bekering lei.** | Daar word los en vas uit die Bybel aangehaal tydens Apostel George se preek vir die nuwe bekeerling oor | *Bl. 27: Saul, Saul, why persecutes thou me! Jy sal die Woord leer ken, broer Jacobs, en al die Waarheid…Map Jacobs,* |

| | | |
|---|---|---|
| | Saulus se Damaskus-ervaring. | *Map Jacobs, why persecutes thou me?!* |
| **Daar is verwysing na verskillende gelowe.** | Cyril sê hulle is Moslem, maar in werklikheid is hulle gewone Christine. | *Bl. 17: ...kôs ons is dan Moslem-outjies! Los die vrou, man! Jy wiet ons is ordinary Christian robbiese, net soes sy!* |
| **Sosiale misdrywe:** | | |
| **Diefstal kom voor.** | Mister Cavernelis is bang vir diefstal en sluit sy fiets met ‘n slot. | *Bl. 1: Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk.* |
| **Verkragting kom in voor.** | Map Jacobs se ma en suster is verkrag. | *Bl. 33: Toe begin hulle ammal, een vi’ een, die twie vrouens...* |
| **Map pleeg moord.** | Map Jacobs steek vir Ivan Philander dood. | *Bl. 34: ...en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek stiek hom...* |
| **Map is die leier van drie bendes.** | Map en sy vriende is betrokke in bendebedrywighede en dus heelwat misdadige aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan. | *Bl. 32: ‘it was drie gangs. Ek was elkeen se leader, elke keer.* |
| **Sosiale misdrywe is deel van die alledaagse bestaan in die township.** | Sosiale misdrywe soos verkragting, gewelddadigheid en sedeloosheid is deel van die alledaagse bestaan in die township. | *Bl. 50: Moet poverty, en al die misery, en al die crime, robbery, rape, en murder...* |
| **Blanchie is by prostitusie betrokke.** | Blanchie werk by ‘n massage parlour en Lonely hearts wat ‘n dekmantel vir prostitusie is. | *Bl. 18: Maar dink jy ons is stupid, ons wiet nie van al die sidelines wat daarmee same-gaan nie?* |
| **Onwettige aborsies kom voor.** | Blanchie het blykbaar ‘n aborsie gehad. | *Bl. 42: ‘n Abortion, imagine, maar, well, as jy daai soorte connections het, soes Blanchie, dan kry jy seker baie reg.* |
| **Ruimte en Milieu:** | | |
| **Die drama speel in ‘n woonbuurt op die Kaapse Vlakte af.** | Die Kersorkes, kerrimspelers, smouskarretjies, straattonele en straatgeraas is tipies van ‘n township op die Kaapse Vlakte. | *Bl. 5: ...die Kersorkes van die buurt is alreeds aan’t oefen... Die straat is vol mense...kerrim speel... Tommy smous...* |
| **Die fasiliteite in die Kaapse Vlakte is sub-standaard.** | Die huis op die Kaapse Vlakte is klein, daar is nie teer paaie nie, dit is vêr van fasiliteite af. | *Bl. 49: Never mind the march-box houses, die sement-strippies wat pass vir strate...* |
| | Map Jacobs kon nie werk kry nie, aangesien werk | *Bl. 31: ‘n goeie werk, well, ‘it was alles vir whites only...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die drama speel gedurende die Apartheidsjare af.** | slegs aan blankes gegee was. | |
| | Die blankes en kleurlinge woon in afsonderlike gebiede. | *Bl. 18: Daar's mos geld dis daai, man, daar by die whiteys se kant...* |
| | Die bruinmense het op die Kaapse Vlakte beland as gevolg van die Groepsgebiedewetgewing. | *Bl. 49: Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze... toe, Coloureds, yt, yt – gaan bly daarso, daarso anderkant...* |
| **Protes teen regeringstelsel:** | | |
| **La Guma spreek sy ontevredenheid oor die regeringstelsel uit.** | La Guma is die enigste stem van protes teen die heersende regeringstelsel. | *Bl. 49: Die vylgoed, kyk wat maak hulle moet my...* |
| **Uitsiglose bestaan:** | | |
| **Die gemeenskap het min vooruitsigte.** | Cyril, net soos baie ander jonger mans, staan net heeldag en speel kerrim en soek skoor. | *Bl. 57: So, world events are like overtaking us? Omlat ons kerrim speel!* |
| | Mister Cavernelis probeer hard om 'n beter toekoms vir sy gesin te skep, maar slaag nie daarin nie. | *Bl. 3: Ja, hoekom jy jou vrek werk by die polony factory, week is en week uit, en dan elke aand ook nog...* |
| | Map het as leerder heelwat potensiaal getoon, maar het moed opgee toe hy nie kon werk kry nie en wend hom tot bendes. | *Bl. 31: Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only...* |
| | Map word uit die tronk vry gelaat en kan steeds nie werk kry nie. | *Bl. 45: Ma! Ek was al by 'n hele elf employers.* |
| | Blanchie se hoop op uitkoms deur die modelkontrak in Parys, realiseer nie. | *Bl. 54: Dear Miss Cavernelis... We have carefully considered the possibility of a contract...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | **[25]** |

**VRAAG 9: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Die woord *Geluide* laat die leser verstaan waarna Map in reël 2–3 verwys./Die toneelaanwysing gee betekenis aan Map se woorde in die volgende reëls. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 2 |
| 9.2 | Map het moord gepleeg en is tronkstraf opgelê./Map probeer sy ma in die tronk oortuig dat hy ’n gerehabiliteerde/veranderde man is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 1 |
| 9.3 | Nee.<br>Map kon nie werk kry nie./ Die Kersorkes wou hom nie as lid terugneem nie./ Die gemeenskap het hom nie met ope arms terugverwelkom nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE bewyse uit die drama vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 2 | 5 |
| 9.4.1 | Map aarsel/is senuweeagtig/is aangedaan. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| 9.4.2 | Ma se stilswye beteken sy is nog nie gereed om Map te vergewe nie/oortuig van die verandering in Map se karakter nie/sy hou haarself nog gevange van die vryheid wat vergifnis sou bring. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| 9.4.3 | Toe Map aan die einde van die drama in boetedoening voor sy ma kniel/toe die spanning op die spits gedryf is/nadat Map en Blanchie vergifnis in mekaar se arms gevind het, het Map se ma eindelik by die punt van vergifnis uitgekom. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| 9.5 | Ja.<br>Map glo die lede van die Kersorkes is goeie mense wat hom weer sal aanvaar.<br><br>OF<br><br>Nee.<br>Hy is nie welkom om weer deel van die orkes te word nie./Hulle is nie vergewensgesind nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ‘n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.6 | TEKS C is deel van die Eksposisie-fase. √<br><br>Map stel die lede van die Kersorkes aan die gehoor voor./ Map maak aan die gehoor bekend dat Cavernelis nooit van hom gehou het nie.√ | 1<br><br>1 | 4<br><br>4 |
| 9.7.1 | Die implikasie bestaan dat Map tog bekeer is./verander het/ gerehabiliteer is./hom nie op die gemeenskap sal wreek nie. /die volmaakte lewe gaan lei. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| 9.7.2 | Apostel George√ | 1 | 1 |
| 9.8.1 | Cavernelis het nie daarvan gehou dat ’n gevreesde bendeleier met sy dogter uitgaan nie./Hy kon moontlik in haar pad staan om ’n modelkontrak te aanvaar. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 2 |
| 9.8.2 | Ja.<br>Cavernelis wou graag sy gesin uit die township kry/'n Beter lewe vir hom en sy gesin buite die Kaapse Vlakte verseker ongeag wat dit hom gekos het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 | 2 |
| 9.8.3 | Nee, Hy het gesterf/selfmoord gepleeg voordat hy uit die township kon ontsnap. | 1 | 1 |
| 9.9 | Tommy hou daarvan om te skinder/stories aan te dra. √ | 1 | 4 |
| 9.10.1 | Ja.<br>Die kerrimskyfies personifiseer die kinders wat deur hul ouers misbruik word./ die inwoners wat weerloos is en rondgeskuif word a.g.v Groepsgebiedwet. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 5 |
| 9.10.2 | Mister Cavernelis√ | 1 | 1 |
| 9.10.3 | Die rondstoot van die kerrimskyfies kan die rondskuif van die bruin gemeenskap van plekke soos Distrik 6 tot op die Vlakte simboliseer. √ | 1 | 4 |
| 9.10.4 | Die karakters is vasgevang in ‘n uitsiglose bestaan en het niks anders om te doen as om kerrim te speel nie. √ | 1 | 4 |
| 9.11.1 | Ja.<br>Dit gee 'n ware beeld van die taalgebruik/ van die spesifieke | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | karakter/ Dit wys die leser dat daar verskillende "klasse" is en uitgeken kan word aan hul taalgebruik. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan* | 1 | 5 |
| 9.11.2 | Protesteater√ | 1 | 1 |
| 9.11.3 | Cyril wil hê dat Richie moet ophou praat oor Map. | 1 | 1 |
| 9.12 | Die stemming in Teks C is ernstig en in Teks D is dit speels.√√ | 2 | 3 |
| | | **[25]** | |
| | **TOTAAL AFDELING C: 25** | | |
| | **GROOTTOTAAL: 80** | | |